# Die Soektog Na die Ware Kerk

JOE CREWS

Kopiereg © 2003 deur
Lu Ann Crews

Alle regte voorbehou.

In Afrikaans vertaal deur
Anita van Deventer

Vir gebruik in die
Transvaal Konferensie

Die

# Soektog

Na die

Ware Kerk

Deur Joe Crews


1. DIE SOEKTOG ……………………………………………………………
2. DIE VROU STEL
   DIE KERK VOOR …………………………………………………….
3. VERVOLGING VAN DIE
   KERK ………………………………………………………………………….
4. DRIE KENTEKENS VAN DIE
   WARE KERK ……………………………………………………………..
5. 'N VIERDE IDENTIFISERENDE
   KARAKTERTREK ……………………………………………………..
6. DIE MEESTE KERKE SLAAG NIE
   DIE BYBELSE TOETS NIE …………………………………..
7. DIE GEES VAN PROFESIE ………………………………………
8. WAAROM HET PROFETE UIT
   DIE KERK VERDWYN? …………………………………………
9. VOLDOEN ENIGE KERK AAN DIE
   VIER TOETSE? ………………………………………………………..

# H O O F S T U K 1
## Die Soektog

Is daar vandag 'n ware kerk in die wêreld? En indien wel, hoe kan dit geïdentifiseer word?

Van al die godsdienstige vrae wat die moderne kerk-soeker in die gesig staar, is hierdie sekerlik die mees veeleisende en ook die mees frustrerende. Weersprekende stemme uit elke oord verklaar dat hulle die antwoord het. Genootskappe, sektes, en kultusse maak deurdringende aansprake gebaseer op emosionele interpretasies van geïsoleerde Bybeltekse.

Die gemiddelde hedendaagse Christen is so geheel-en-al afgesit deur hierdie oordrewe grootpratery dat baie selfs die moontlikheid dat enige "ware kerk" kan bestaan, ontken. Andere bevraagteken die standaarde waarmee enige kerk getoets en as "meer korrek" as 'n ander geag kan word.

Dit is baie belangrik om te besef dat geen kerk bo 'n ander verhewe geag kan word omdat die lidmate sonder sonde is nie. Mense is mense en is almal onderworpe aan dieselfde swakhede van die menslike natuur. Dit is egter ook waar dat elke Christen toegang het tot dieselfde magtige krag van God om daardie swakhede te oorwin. Elke kerk sal dus vandag noodwendig bestaan uit individue wat op verskillende vlakke van persoonlike heiligmaking is. Die koring en die kaf sal nog steeds saam wees, en geen kerk sal heeltemal uit volmaakte

mense bestaan nie.

Maar die vraag bly: Is daar 'n grondige manier om die kerk te identifiseer wat die naaste aan die bybelse standaarde van waarheid is? Sommige voel dat die onderskeidende naam van die organisasie dit as die ware een sal aantoon. Hierdie kan vanselfsprekend geen akkurate toets wees nie, omdat die keuse van 'n naam niks oor die geestelike aard van daardie kerk sal openbaar nie. Sulke oppervlakkige aansprake dien slegs om intelligente soekers na die waarheid te ontmoedig.

Die moet vir almal duidelik wees dat indien God 'n spesiale kerk in die wêreld vandag het, Hy dit duidelik en spesifiek in Sy heilige Woord sal openbaar. Die inligting moet in taal wat tot die menslike logika sal spreek, uitgedruk word en moet uit meer as slegs vae algemeenhede of skimpe bestaan.

Ek is huiwerig om enige aansprake te maak vir wat u op die punt staan om te lees, alhoewel ek baie goed weet dat dit 'n omwenteling in u lewe kan veroorsaak. Moenie die materiaal wat volg slegs vinnig of ligtelik lees nie. Ek vra slegs dat u dit biddend en onbevooroordeeld bestudeer. Beoordeel dit dan op die grondslag van die Skrifte en u eie geestelike oortuigings. Indien dit die waarheid is, sal die Heilige Gees u lei tot 'n vreugdevolle erkenning daarvan. My persoonlike gevoel is dat hierdie vir u die mees opwindende avontuur sal wees wat u nog ooit in God se Woord gehad het.

Ons soektog na waarheid sal op die twaalfde hoofstuk van Openbaring fokus. Beperkte tyd en spasie sal nie 'n

alomvattende studie toelaat nie, maar daar sal prioriteit aan twee beginsels geskenk word – akkuraatheid en eenvoud. Meer as eenduisend tweehonderd jaar van geskiedenis moet slegs kortliks hanteer word terwyl ons die boeiende verhaal van die ware kerk volg tot by sy verassende hoogtepunt. Verdere bevestigende bewys vir die geskiedkundige deel van die profesie word in my boek getiteld, *"The Beast, the Dragon, and the Woman"* voorsien.

## HOOFSTUK 2
**Die Vrou Stel die Kerk Voor**

Openbaring 12 is basies die beskrywing van 'n pragtige vrou wat met die son bekleed is en haar afstammelinge. "En 'n groot teken het in die hemel verskyn: 'n vrou wat met die son bekleed was, en die maan was onder haar voete, en op haar hoof 'n kroon van twaalf sterre;" (Openbaring 12:1).

Hier word ons voorgestel aan een van die bekendste simbole in die Bybel. In beide die Ou en Nuwe Testament, stel God Sy volk as 'n vrou voor. As die bruidegom is Hy getroud met die kerk. Paulus het aan die Korinthiërs geskryf, "Want ek het julle aan een man verbind, om julle as 'n reine maagd aan Christus voor te stel." (2 Korinthiërs 11:2).

Dwarsdeur die Bybel kan ons die verslag van hierdie simboliek volg. God het in die Ou Testament gesê, "Die mooie en die verwende verdelg Ek – die dogter van Sion." (Jeremia 6:2). En weer, "en aan Sion te sê: My volk is jy!" (Jesaja 51:16). Die kerk word Sion genoem en God vergelyk dit met 'n pragtige vrou. In die Ou Testament was Israel die uitverkore volk dikwels beskryf as getroud met God.

In die Nuwe Testament is die ware Israel van God nie langer 'n nasie nie maar 'n kerk wat uit Jode en Heidene bestaan wat Christus as hulle Verlosser ontvang. Die vrou van Openbaring 12 vertel dus vir ons die prentjie-verhaal van die kerk ten tye van Christus. Die kleed van sonlig stel die

glorieryke Nuwe Verbond van genade voor en die twaalf sterre stel die twaalf apostels voor.  Die maan onder haar voete dui die tanende heerlikheid van die Ou Verbond in die teenwoordigheid van die ware Lam van God, aan.

Nou begin die opwindende gedeelte!  Ons gaan die ontwikkelende toekoms van daardie ware kerk van onse Here Jesus volg.  Die volgende versies skets duidelik die beloop van die waarheid deur die eeue.  Ons wil weet waar daardie vrou VANDAG gevind kan word!  Moenie een stap van die profesie oorslaan terwyl ons die veranderinge van die ware kerk nagaan tot op hede nie!

Die eerste wat ons ontdek, is dat die vrou op die punt staan om geboorte te skenk aan 'n baba.  "En sy was swanger en het uitgeroep in haar weë en barensnood.  En 'n ander teken het in die hemel verskyn, en daar was 'n groot vuurrooi draak met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe sewe krone;  … En die draak het gestaan voor die vrou wat op die punt was om te baar, sodat hy haar kind sou verslind sodra sy gebaar het. En sy het 'n manlike kind gebaar, wat al die nasies met 'n ystersepter sou regeer; en haar kind is weggeruk na God en sy troon."  (Openbaring 12:2-5).

Wie is die manlike kind wat bestem was om oor al die nasies te regeer en wat in die hemel opgeneem was?  Slegs een persoon voldoen aan hierdie beskrywing – Jesus Christus.  En wie verteenwoordig die draak wat probeer om Christus by Sy geboorte te dood?  Dit was Herodus, die verteenwoordiger van

Rome, wat 'n bevel uitgevaardig het dat alle babas van twee jaar en jonger doodgemaak moes word.  Gewoonlik word die draak gebruik as 'n simbool vir Satan, maar in hierdie geval het die duiwel so nou saam met die Romeinse mag gewerk om Jesus dood te maak, dat die draak ook Rome simboliseer.

Hoe het Jesus die diaboliese bevel van Herodus vrygespring?  Josef en Maria was in 'n droom gewaarsku oor die gevaar en het met die baba na Egipte gevlug.  Later, na die dood van die tiran, het hulle teruggekeer en in die dorp Nasaret gaan woon.

Selfs al was die duiwel uitoorlê in sy oorspronklike plan om Jesus dood te maak, het hy nie sy doelwit laat vaar nie. Herhaaldelik het hy gepoog om Jesus om die lewe te bring, en uiteindelik het hy daarin geslaag om Hom na die skynverhoor te bring waarna Hy gemartel, gekruisig en begrawe is.  Maar die graf kon die Seun van God nie binne hou nie, en op die derde dag het Hy uit die graf opgestaan.  Later het Hy na Sy Vader in die hemel opgevaar.

# H O O F S T U K 3
## Vervolging van die Kerk

Met geen direkte toegang tot Jesus nie het die draak (Rome) nou sy woede teen die volgelinge van Christus, die kerk, gerig: "En toe die draak sien dat hy neergewerp is op die aarde, het hy die vrou vervolg wat die seuntjie gebaar het;" (Openbaring 12:13).

Hierdie woorde voorsien slegs 'n sweempie van die afgryslikheid van die geweld wat teen die apostoliese kerk losgebreek het. Bykans al die vroeë dissipels en kerkleiers was gemartel vir hulle geloof. Wrede heidense heersers het die sportarenas en kolosseums in teaters van die dood verander vir diegene wat die ware evangelie gevolg het.

Spoedig het heidense Rome ingegee vir pouslike Rome, en die vervolgings het met selfs groter mag voortgegaan. Miljoene het onder die verskriklike inkwisisies gesterf wat gepoog het om alle teenstand teen die pouslike stelsel uit te wis. Geskiedkundiges beraam dat meer as vyftig miljoen mense gedurende die Donker Eeue hulle lewens verloor het eerder as om die Protestantse geloof prys te gee.

Laat ons egter die tragiese verhaal in ons profetiese uiteensetting volg. Openbaring 12:14 sê vir ons wat die ware kerk gedoen het terwyl die druk van vervolging tot 'n hoogtepunt opgebou het: "maar die twee vlerke van die groot arend is aan die vrou gegee, sodat sy na die woestyn, na haar

plek, kon vlieg, waar sy uit die gesig van die slang onderhou word, 'n tyd en tye en 'n halwe tyd."

Ten einde uitwissing te ontsnap, het die getroue Protestantse vlugtelinge na die Alpe se berge en valleie gevlug en aan die ware leerstelling wat deur Jesus geleer was, vasgehou. Nog 'n boek van Handelinge kon geskryf gewees het oor die heldhaftigheid van die Waldense, Hugenote en Albigense wat geweier het om hulle geloof gedurende daardie eeue van wrede verdrukking, prys te gee. God het die stryd vir hulle gestry, en soms was die agtervolgende magte van Rome gestuit deur geheimsinnige sneeustortings en rotsverskuiwings. Op ander tye was die bergstrome rooi gekleur van die bloed van daardie getroues wat hulle toewyding aan die waarheid met hulle lewens verseël het. Die Openbaring profesie gee 'n simboliese beskrywing van die wanhopige pogings wat aangewend is om daardie klein groepie Christene wat nou vir oorlewing weggekruip het, uit te wis: "En die slang het uit sy bek water soos 'n rivier agter die vrou aan uitgegooi, om haar te laat wegvoer deur die rivier." (Openbaring 12:15).

Hoelank moes die ware kerk in die wildernis bly waar dit nie gesien kon word nie? Die profesie verklaar dat dit vir "'n tyd, tye en 'n halwe tyd" sou wees. Hoe geheimsinnig! Wat word bedoel deur hierdie snaakse beskrywing van die tydperiode wat betrokke is? Wanneer sou dit eindig? Die antwoord word in vers 6 gevind: "En die vrou het na die

woestyn gevlug waar sy 'n plek het wat deur God gereed gemaak is, dat hulle haar daar sou onderhou duisend-tweehonderd-en-sestig dae lank."

Nou begin die prentjie duidelik word. Een versie sê dat die vrou vir 1,260 dae in die wildernis was en die ander versie sê dat sy vir "'n tyd, tye en 'n halwe tyd" daar was. Hierdie twee periodes is dieselfde. Dit beteken dat 'n "tyd" 'n jaar moet wees in profetiese simboliek, "tye" is twee jaar, en "halwe tyd" is 'n halwe jaar. Wanneer ons die een, twee en die halwe bymekaar tel, kry ons drie-en-'n-half jaar. En dit is gelyk aan presies 1,260 dae wanneer ons die Bybelse manier gebruik van 30 dae in die maand.

Daar is nog een beginsel van profetiese interpretasie om hier in ag te neem. In simboliese Bybelse profesie staan 'n dag altyd vir 'n jaar. U sal die sleutel vir daardie beginsel in Esegiël 4:6 vind: "vir elke jaar lê Ek jou een dag op." Dit word op 'n ander plek in hierdie woorde neergelê: "... veertig dae, vir elke dag een jaar," (Numeri 14:34).

Let asseblief op dat hierdie slegs op simboliese profesie betrekking het, en moet nie in ander gedeeltes van die Skrif ingelees word nie. 'n Dag word vir 'n jaar gebruik slegs in die opset van 'n duidelike profetiese konteks. Dit plaas die vrou in haar wegkruipplek in die woestyn vir die volle periode van 1,260 letterlike jare.

Ons gevolgtrekking moet dan wees dat die ware kerk nie in die wêreld kon verskyn voor aan die einde van die 1,260 jaar

nie. Het so-iets met die ware kinders van God gebeur? Hoelank het die pouslike mag aangehou om die ware leerstellings te onderdruk deur die beoefening van haar godsdienstig-politieke gesag?

Hier is 'n fasinerende punt van die geskiedenis. In 538 n.C. het Keiser Justinianus 'n dekreet uitgevaardig wat absolute geestelike superioriteit aan die kerk van Rome toegeskryf het. Geleidelik het hierdie godsdienstige tirannie 'n eenheid met regeringsmag gevorm sodat selfs konings uiteindelik toestemming van die pous moes verkry voordat hulle kon begin regeer. Hierdie gesag het in beheer gebly tot die jaar 1798 toe Europa geskud was deur die Franse Rewolusie. In die daaropvolgende rebellie van die onderdrukte landbewoners teen die bevoorregte geestelikes, was die pous in 1798 gevange geneem. Die pouslike besittings was gekonfiskeer en die Franse Raadgewende regering het 'n dekreet uitgevaardig dat daar nie meer 'n Biskop van Rome sou wees nie. Die onderdrukkende heerskappy van die pousdom het presies 1,260 jaar nadat dit in 538 n.C. ingestel was, geëindig.

# H O O F S T U K 4
## Drie Kentekens van die Ware Kerk

Dit bring ons by 'n baie belangrike waarneming: DIE WARE KERK KON NIE IN DIE WÊRELD VERSKYN VOOR NA DIE JAAR 1798 NIE. Dit moes weggesteek bly tot aan die einde van die 1,260 jaar, en daardie "wildernis" periode het in 1798 geëindig. Ons het nou voor ons een van die wonderlikste identifiserende kentekens van die ware kerk. Dit is nie gebaseer op een of ander emosionele gevoel of op 'n uitgerekte interpretasie van een enkele Bybelteks nie. Dit is gewortel in 'n profetiese openbaring van 'n spesifieke tydperiode wat deur talle geskiedkundige rekords geverifieer kan word. Die vrou (kerk) kon eenvoudig nie haar verskyning gemaak het voordat die onderdrukkende magte van die pouslike opposisie uit die weg geruim was nie. Die gebeurtenis wat voorspel was, het in 1798 plaasgevind, en die waarheid wat in sak en as beklee was, het nou uit sy skuilplek begin kom, om spoedig as die verheerlikte oorblyfsel van die vrou te verskyn.

Nou kom ons by 'n wesenlike beskrywing van die vrou soos wat sy 'n rukkie na 1798 aan die wêreld sou verskyn: "En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou." (Openbaring 12:17).

Hierdie teks is een van die beslissendste wat in die hele Bybel gevind word. Op geen ander plek is daar so 'n omvattende beskrywing van die laaste-dae oorblyfsel van die oospronklike apostoliese geloof soos wat dit deur die eeue heen bewaar was nie. Hier is 'n werklike mondelinge definisie van die ware kerk vir vandag. Dit is so belangrik dat ons elke woord gaan ontleed ten einde die volle betekenis daarvan te verkry. Indien die ware kerk enigsins in die Bybel ontdek kan word, sal hierdie die versie wees om dit te openbaar.

"EN DIE DRAAK …" Wie is die draak? Daar kan geen twyfel oor hierdie punt wees nie. In Openbaring 12:9 word die draak, "die duiwel, en Satan" genoem "wat die hele wêreld verlei."

"WAS VERTOORND …" Wat beteken dit? "Vertoornd" is die Ou Engelse woord vir "kwaad." Dit beteken slegs dat Satan kwaad was. Vir wie was hy kwaad? "VERTOORND OP DIE VROU …" Wie was die vrou? Ons het alreeds uitgevind dat sy die ware apostoliese kerk was, wat die grootse, oorspronklike leringe van Jesus verteenwoordig.

"EN HY HET WEGGEGAAN OM OORLOG TE VOER TEEN HAAR ANDER NAKOMELINGE …" Hier word 'n nuwe woord in die prentjie bygevoeg. Satan gaan teen die OORBLYFSEL van die ware kerk oorlog voer. Wat is 'n oorblyfsel? Dit is die laaste stukkie van 'n rol materiaal. Dit is presies soos die eerste stuk wat van die rol afgekom het, maar dit is heel aan die einde en is altyd 'n klein stukkie.

Wat sê dit vir ons van die oorblyfsel van die vrou? Dit is die laaste deel van die ware kerk, aan die einde van tyd, wat presies dieselfde leerstellings sal hê as wat die vroeë apostoliese kerk gehad het. Maar laat ons verder lees.

"WAT DIE GEBOOIE VAN GOD BEWAAR …" Watter gebooie sou hierna verwys word? Hierdie dui die grootse morele wet aan wat deur die vinger van God op kliptafels geskryf was. Die Tien Gebooie reflekteer die karakter van God, openbaar Sy wil vir al Sy skepsels, en vorm die grondslag vir alle moraliteit en ware aanbidding.

Hier word ons gekonfronteer met die tweede interessante identifiserende kenteken van die ware kerk. Dit moes nie slegs iewers na die jaar 1798 verskyn nie, maar op die gesag van die Woord van God, *sou dit AL die Tien Gebooie van God moes onderhou.*

Kom laat ons nou hierdie fantastiese versie klaar lees. "EN DIE GETUIENIS VAN JESUS CHRISTUS HOU." Hier is nog 'n karaktertrek van die ware oorblyfsel. Nie net verskyn hierdie laaste-dae kerk na 1798 en onderhou al die Tien Gebooie nie, maar dit sal ook die getuienis van Jesus hê. Wat is die getuienis van Jesus? Dit is 'n onbekende uitdrukking, en ons het meer as menslike wysheid nodig om die betekenis daarvan te ontdek.

Let op hoe die Bybel spesifiek hierdie uitdrukking vir ons definieer. Indien hierdie teks werklik die kern van die finale waarheid vir ons bevat, sal die Woord van God elke deel

daarvan moet verduidelik. Die definisie word voorsien deur die woord van 'n engel wat al die pad van die hemel af na Johannes gestuur is om dit te verduidelik. "Ek is 'n mededienskneg van jou en van jou broeders wat die getuienis van Jesus het. Aanbid God. Want die getuienis van Jesus is die gees van die profesie." (Openbaring 19:10).

Daar is dit! Ons weet dus nou sonder enige skaduwee van twyfel dat die getuienis van Jesus die GEES VAN PROFESIE is. En dit is die derde groot kenteken wat die laaste-dae ware kerk identifiseer!

Laat ek u iets vra: Ervaar u 'n gees van opwinding wanneer hierdie eenvoudige bybelse stellings die aandag vestig op die mees gesogte geheim in die Woord van God? Ons kom nader en nader daaraan om die spesiale volk van God in ons dae en hulle spesiale boodskap te identifiseer. En ons doen dit deur die Bybel toe te laat om die identifisering te doen. Ons het nie een enkele een van hierdie drie definitiewe karaktertrekke opgemaak nie. Niemand kan opreg hulle toepassing op die eind-tyd kerk van Jesus Christus bevraagteken nie. Daardie oorblyfsel kerk sal al drie hierdie bybelse identifikasiekaartjies moet besit:

1. VERSKYN NA 1798
2. ONDERHOU AL DIE TIEN GEBOOIE
3. HET DIE GEES VAN PROFESIE

Ek weet dat sommige alreeds verward is oor daardie derde kenteken. Die "gees van profesie" is byna net so

onverstaanbaar as die "getuienis van Jesus." Lees verder en ons sal spoedig die verduideliking vir daardie kenteken vind.

# H O O F S T U K 5

## 'n Vierde Identifiserende Karaktertrek

Op hierdie tydstip wil ek graag 'n vierde belangrike identifiserende kenteken by ons lys voeg. Ons vind dat hierdie kerk die laaste, eindstukkie van geskiedkundige waarheid is. Dit sal die finale boodskap van God verkondig net voordat Jesus terugkom. Indien God inderwaarheid enige spesiale raad of waarskuwing vir die wêreld aan die einde van tyd het, sal Hy beslis daardie boodskap deur Sy laaste-dae oorblyfsel kerk gee. Ek dink ons kan almal die logika van hierdie gevolgtrekking insien.

Het God in werklikheid so 'n boodskap, en word dit duidelik in die Bybel geïdentifiseer? Jesus het aangedui dat die verkondiging van 'n sekere definitiewe waarheid sou plaasvind, onmiddellik voor die einde van die menslike geskiedenis. Luister na Sy woorde: "En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word *in die hele wêreld* tot 'n getuienis vir al die nasies; en *dan sal die einde kom.*" (Mattheus 24:14).

Die laaste teken van Christus se wederkoms sal 'n wêreldwye prediking van die "evangelie van die koninkryk" wees. Daarna, sal die einde kom. Volg my nou aandagtig. Johannes die Openbaarder het in werklikheid die vervulling van Christus se woorde in 'n visioen gesien. Hy het geskryf, "En ek het 'n ander engel in die middel van die lug sien vlieg

met 'n ewige evangelie om te verkondig aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke. En hy het met 'n groot stem gesê: …" (Openbaring 14:6,7).

Die volgende paar verse beskryf presies waaruit daardie spesiale laaste verkondiging van die evangelie sal bestaan. Daarna het Johannes onmiddellik gesê, "En ek het gesien, en kyk, daar was 'n wit wolk en een soos 'n Menseseun wat op die wolk sit, met 'n goue kroon op sy hoof en in sy hand 'n skerp sekel. … En Hy wat op die wolk sit, het sy sekel oor die aarde laat gaan, en die aarde is afgemaai." (Openbaring 14:14-16).

Verstaan u dit? Die einde kom net sodra hierdie spesifieke "evangelie" boodskap na elke nasie op die aarde gegaan het. Jesus het dieselfde gesê, "hierdie evangelie … sal aan die hele wêreld verkondig word … en dan sal die einde kom."

Ek wil graag aan u voorlê dat, wat hierdie boodskap ookal is, dit die dringendste en gebiedendste een is wat die menslike oor nog ooit gehoor het. Beide Johannes en Jesus getuig dat by die voltooiing daarvan die heerlike koninkryk van Christus sal verskyn.

Kan ons weet waaruit die finale waarskuwing sal bestaan? Johannes het dit so eenvoudig uitgespel dat niemand hoef te twyfel nie. "En hy het met 'n groot stem gesê: Vrees God en gee Hom heerlikheid, *want die uur van sy oordeel het gekom*" (Openbaring 14:7). Let daarop dat 'n gedeelte van hierdie laaste oproep van God die oordeel wat alreeds begin het, sal

aankondig. "HET GEKOM", nie "SAL KOM" nie. Ons moet kyk en luister na die prediking van so 'n pre-advent oordeel boodskap aan alle nasies van die aarde.

Die volgende deel van die eerste engel se boodskap lui soos volg: "en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het" (Openbaring 14:7). Klink dit bekend? Dit behoort, want dit word byna woord vir woord aangehaal uit die vierde gebod van die dekaloog, wat baie sterk aandui dat die Sabbat deel van die "evangelie" verkondiging sal wees wat na die wêreld moet gaan net voor die einde.

Hoe aanbid u God as die Skepper? In die kern van die Tien Gebooie het God die antwoord geskryf: "Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig." (Exodus 20:11).

Ware aanbidding spruit voort uit 'n erkenning van God se skeppingskrag en gesag, en die Sabbat is God se eie ingestelde teken dat Hy die skepper van alles is. Keer op keer dwarsdeur die Bybel maak God aanspraak op aanbidding OMDAT Hy alle dinge geskape het. "U is waardig, o Here, om te ontvang die heerlikheid en die eer en die krag, WANT U HET ALLES GESKAPE" (Openbaring 4:11).

God het die valse gode herhaaldelik uitgedaag omdat hulle nie kon skep nie. "Die gode wat die hemel en die aarde nie

gemaak het nie, sal vergaan van die aarde af … Hy wat die hele aarde gemaak het deur sy krag" (Jeremia 10:11,12). "Hy is God! – wat die aarde geformeer en dit gemaak het … Ek is die HERE, en daar is geen ander nie." (Jesaja 45:18).

Die Sabbat was deur die Here ingestel as dié herdenkingsteken van Sy soewereine gesag as die enigste God wat aanbid moet word. Die Skepper het die arbitrêre siklus van die sewe-dae week in werking gestel om die ware Sabbat af te merk, sodat die wêreld geen verskoning sou hê om te weet wie om te aanbid nie en wanneer nie. Daarom doen die eerste engel se boodskap 'n beroep op die mense "aanbid Hom wat die hemel en die aarde, en die see gemaak het" – 'n oproep tot ware Sabbatonderhouding.

Die tweede en derde engele se boodskappe wat deur Johannes beskryf is, kan kortliks opgesom word: "Babilon het geval … As iemand die dier en sy beeld aanbid en 'n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang, sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God" (Openbaring 14:8-10). In teenstelling met die opinie van baie, is hierdie eenvoudige, duidelike boodskap van die dierboodskap ingesluit in die ewige evangelie van God se koninkryk. Selfs waarskuwings teen die merk van die dier sal aan elke nasie, stam, taal en volk uitgedra word. EN DAN SAL DIE EINDE KOM!

Ons is nou gereed om 'n vierde karaktertrek by die lys van die drie ander te voeg. Die ware oorblyfsel kerk van die laaste dae sal verseker deur God gebruik word om Sy finale

waarskuwingsboodskap aan al die bewoners van planeet aarde te neem. Daardie boodskap sal insluit (a) die oordeelsuur het gekom, (b) ware Sabbataanbidding, (c) die val van geestelike Babilon, en (d) die merk van die dier.

Dit voltooi die verbasende reeks van spesifieke karaktertrekke van die hedendaagse ware kerk:

1. VERSKYN NA 1798
2. ONDERHOU DIE HELE TIEN GEBOOIE
3. HET DIE GEES VAN PROFESIE
4. PREEK DIE BOODSKAP VAN DIE DRIE ENGELE (Openbaring 14) WÊRELDWYD

Kan enige denkende persoon onverskillig staan teenoor wat ons sover ontdek het? Ons het nou in ons hande die sleutel om een van die mees fantastiese geestelike geheime in die wêreld te ontsluit. God het al die wenke in hierdie een, geweldige, profetiese hoofstuk van Openbaring gekonsentreer. Let op die identifiserende tekens. Hierdie is God se lys, nie myne nie. Ek het hulle eenvoudig uit die geïnspireerde bladsye van God se Boek geneem. Wat vertel hulle ons van die ware kerk van vandag?

Eerstens, dit kon nie *voor* 1798 verskyn het nie. Hierdie sluit die meeste van die groot populêre Protestantse kerke van die wêreld uit. Bykans almal van hulle was voor 1798 gestig. Tweedens, dit moes 'n kerk wees wat die *hele* Tien Gebooie onderhou. Met die eerste oogopslag sou dit lyk asof hierdie 'n baie swak onderskeidende toets was om 'n kerk te ontdek wat

reg is. Almal van hulle sou beslis die belangrike morele wet van God leer en beoefen – of sou hulle? Die feit is dat baie min kontemporêre genootskappe selfs daarop aanspraak maak om die hele Tien Gebooie te onderhou. Die meeste van hulle erken vryelik dat hulle nie die sewende-dag Sabbat onderhou soos deur die vierde gebod vereis nie. Hulle onderhou die eerste dag van die week in plaas van die Sabbat.

# H O O F S T U K 6

## Die Meeste Kerke Slaag Nie Die Bybelse Toets Nie

Klink dit nie vreemd nie? God het met Sy eie hand geskryf, "die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God: dan mag jy geen werk doen nie" (Exodus 20:10). Niemand was nog ooit verward oor die dag wat God geheilig en beveel het nie. Alle predikers en kerke erken vryelik dat Saterdag die sewende dag van die week is. Nogtans oortree die meeste van hulle die gebooie van God elke week deur openlik op die Sabbat te werk, wat God verbied het.

Om te vergoed vir die verbreking van die Sabbat, het hulle 'n ander dag ingestel – die eerste dag van die week – in die plek van die een wat God beveel het.

Hoe regverdig hulle so 'n opsetlike manipulasie van die belangrike morele wet van God? Die situasie is verbasend ongeag hoe ons daarna kyk! Baie kerke beskou die Tien Gebooie as slegs seremoniële reëls van Moses en leer dat daar by die kruis daarmee weggedoen was! Andere neem die standpunt in dat die hele Tien Gebooie, BEHALWE DIE SABBAT, na die Nuwe Testament oorgedra was. In beide gevalle is die vierde gebod wat die spesiale teken van God se skeppende en herskeppende krag bevat, verwerp en onteer.

Ons het egter sopas ontdek dat die ware kerk onderskei sal word deur die onderhouding van die gebooie. Let daarop: volgens die duidelike leer van die Bybel, kan geen kerk die

oorblyfsel van die vrou wees tensy dit die sewende-dag Sabbat onderhou nie, sowel as al die ander nege gebooie nie. Skielik sien ons dat die grootste meerderheid van diegene wat die eerste toets geslaag het die tweede een faal.

Ons gaan egter nou verder na die derde vereiste van die profesie. Die laaste-dae oorblyfselkerk moet die gees van profesie hê. Wat beteken dit? Sonder twyfel is hierdie identifiserende kenteken die belangrikste een op ons lys. Ons sal ontdek dat dit meer beteken as slegs om profesie te verstaan en te preek.

Hierdie spesiale kerk sal uiteindelik onderskei word deur die unieke boodskap wat dit aan alle nasies op die aarde verkondig – die oordeel het begin, die sewende dag is die Sabbat, Babilon het geval, en waarskuwings teen die merkteken van die dier.

Voordat ons meer oor enige moderne kerkstelsel sê wat miskien aan hierdie geïnspireerde karaktertrekke voldoen, laat ons teruggaan na identifiserende punt nommer drie, wat nog steeds nie ten volle verduidelik is nie.

## H O O F S T U K 7
## **Die Gees van Profesie**

Deur God geïnspireer, het Johannes verklaar dat die oorblyfsel van die vrou die "getuienis van Jesus" sou hê. Aangesien daardie uitdrukking ietwat dubbelsinnig is, het Johannes later 'n verduideliking gegee wat nog steeds veel te wense oorlaat. Hy het eenvoudig gesê, "Die getuienis van Jesus is die gees van profesie" (Openbaring 19:10).

Ten minste beweeg hierdie in die regte rigting, maar ons moet nou ontdek wat Johannes bedoel met daardie uitdrukking, "gees van profesie." Wat dit ookal is, dit is baie belangrik vir God, want Hy het dit aangewys as een van die maniere waardeur Sy ware kerk in hierdie laaste dae uitgeken sal word.

Die prentjie begin duidelik word wanneer ons die hele konteks waarin die stelling gemaak is, ondersoek. 'n Engel verskyn aan Johannes en hy val in verwondering en aanbidding op die grond neer. Die Openbaarder het gesê, "En ek het voor sy voete neergeval om hom te aanbid; maar hy het vir my gesê: Moenie! Ek is 'n mededienskneg van jou en van jou broeders wat die getuienis van Jesus het. Aanbid God. Want die getuienis van Jesus is die gees van die profesie." (Openbaring 19:10).

Let asseblief op in hierdie versie wie beskryf word as die wat die getuienis van Jesus, of die gees van profesie, het.

Slegs Johannes se "broeders" word geïdentifiseer dat hulle dit het. Nou moet ons soek na verdere inligting oor wie Johannes se broeders was. Die Woord laat ons nie in die steek nie. In Openbaring 22:8,9 herhaal Johannes die verhaal van die engel en voeg 'n bietjie meer besonderhede by. "En dit is ek, Johannes, wat dit gesien en gehoor het; en toe ek dit gehoor en gesien het, het ek neergeval om te aanbid voor die voete van die engel wat my hiedie dinge getoon het. Toe sê hy vir my: Moenie! Want ek is 'n mededienskneg van jou en van jou broeders, die profete, … Aanbid God." Johannes se broers was die profete, en daar word gesê dat hulle alleen die gees van profesie het.

Skielik val die hele legkaart in plek. *Die enigste persone wat die gees van profesie gehad het, was die profete self*. Indien slegs om die profesie te ken en dit te preek, "die gees van profesie" genoem kan word, dan sou baie moderne onderwysers en evangeliste kwalifiseer. Die Bybel maak dit egter baie duidelik dat dit die werklike vermoë is om te profeteer. Met ander woorde, dit is die *gawe* van profesie. Slegs die profete het dit gehad.

Hierdie feit word deur die apostel Paulus ondersteun. "dat julle in alle opsigte in Hom ryk gemaak is, in elke woord en alle kennis; soos die getuienis aangaande Christus bevestig is onder julle, sodat julle in geen enkele *genadegawe agterstaan nie, terwyl julle wag op die openbaring van onse Here Jesus Christus*" (1 Korinthiërs 1:5-7).

Hier word die getuienis van Jesus 'n "genadegawe" genoem in plaas van die "gees" van profesie. Die implikasie is baie sterk dat die gawe in werking sal wees by die wederkoms van ons Heiland.

Met hierdie geïnspireerde insig van Paulus is ons weer eens terug op bekende terrein. Ons het geen probleem met die uitdrukking "gawe van profesie" nie. Die Nuwe Testament boeke is gevul met verwysings na al die gawes van die Gees, insluitende die gawe van profesie. Paulus het vir die kerk te Efese gesê presies hoe en wanneer die gawes uitgestort sou word: "Daarom sê Hy: Toe Hy opgevaar het in die hoogte, het Hy die gevangenes gevange geneem en gawes aan die mense gegee." (Efesiërs 4:8).

Min kommentaar is hierop nodig. Dit is 'n welbekende feit dat toe Jesus na die hemel teruggekeer het, Hy sekere spesiale "gawes" of vermoëns aan Sy volk op aarde nagelaat het. Hulle word inderwaarheid genoem: "En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars" (Efesiërs 4:11).

Waarom het Jesus sekere persone in die kerk met hierdie gepaste geestelike gawes toegerus? "Om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus" (Efesiërs 4:12). Hy het dit gedoen om die gelowiges op te bou en die kerk te versterk. Hierdie gawes moes die leiers van die liggaam van Christus volwasse en volmaak maak terwyl hulle daarna gestreef het om die lidmate te leer.

Die volgende versie sê vir ons presies hoelank daardie gawes in die kerk benodig sou word. "totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus;" (Efesiërs 4:13).

Indien taal enige betekenis het, dra hierdie woorde een idée duidelik oor. Al die gawes wat Christus aan Sy kerk gegee het, moes aanhou bedryf word tot die einde van tyd. Hulle sou nodig wees om die kerk volmaak te maak en tot die volheid van Christus te bring.

Durf ons die volgende vanselfsprekende vraag vra? Waar is hierdie gawes vandag? Indien ons Here bedoel het dat hulle hulle heiligmakende werk tot aan die einde van tyd moes doen, behoort hulle almal in werking gesien te word in die kerke rondom ons. Kom ons ondersoek of dit so is. Vind ons vandag onderwysers in die meeste van die kerke? Die antwoord is ja. Wat van leraars en evangeliste? Bykans alle genootskappe het hulle. Wat kan ons van apostels sê? Aangesien hierdie woord letterlik "sendelinge" beteken (wat kom van 'n Griekse woord wat "een wat gestuur is" beteken), kan ons weer eens sê dat die meeste moderne kerke aan hierdie spesifieke gawe voldoen.

Sover, so goed. Ons het egter nog een vraag – wat van profete? Vanuit die meeste godsdienstige kringe is daar geen geredelike antwoord op hierdie vraag nie. Bykans geen kerk maak daarop aanspraak dat so iets ooit deel van hulle

bediening was nie.

Maar waarom? Indien al die ander gawes nodig was, waarom behoort profete ook nie nodig te wees nie? Dit was beslis so in die vroeë kerk. Al die geestelike gawes was inderdaad baie sigbaar volgens die boek van Handelinge. "En daar was in die plaaslike gemeente in Antiochië sekere profete en leraars, naamlik Barnabas en Simeon …" (Handelinge 13:1). Hier het ons bewys dat twee van die gawes, onderwysers en profete, deel van die kerk van Antiochië was. Dan lees ons in Handelinge 21:9 van 'n man wat "vier ongetroude dogters gehad het wat die profetiese gawe besit het." Let daarop dat hierdie vier vroue uit een familie deur die Gees aangewys was om profete te wees. Hulle het die gees van profesie gehad.

# H O O F S T U K 8
## Waarom Het Profete Uit die Kerk Verdwyn?

**D**it is duidelik dat al die gawes in die apostoliese tyd en onmiddellik daarna in gelyke mate beoefen was. Waarom het dit egter gelyk asof die profetiese gawe na twee- of driehonderd jaar van die Christelike era verdwyn het? Ons het nie dieselfde verslag daarvan deur die eeue as wat ons van die ander gawes het nie. Waarom vind ons nie profete in al die kerke van vandag saam met leraars, onderwysers, ens. nie?

Ons durf nie die vraag vermy soos wat so baie Christene huidiglik doen nie. Die Woord van God spreek die kwessie direk aan en laat in die proses niks uit nie. Dit is maklik om te sien waarom die meeste kerke probeer om die afwesigheid van hierdie gawe in hulle midde te ignoreer, *veral wanneer ons die rede vir die afwesigheid daarvan ontdek.*

Daardie na-apostoliese periode is nie die eerste keer dat die gees van profesie onder God se volk verwyder was nie. Die waarheid is dat God toe die kerk op dieselfde manier behandel het as wat Hy altyd met Sy volk gehandel het. Dwarsdeur die Ou Testament het God hulle deur twee goddelike metodes gelei en onderrig – die wet en die profete. Deur die profeet Jeremia het God tot Israel gespreek, "As julle na My nie luister nie, om in my wet te wandel wat Ek julle voorgehou het, om te luister na die woorde van my knegte, die profete, wat Ek na julle stuur, vroeg en laat, sonder dat julle geluister het, dan

sal Ek hierdie huis maak soos Silo, en hierdie stad sal Ek maak 'n vervloeking vir al die nasies van die aarde." (Jeremia 26:4-6).

Die WET en die PROFETE! Die twee gaan saam. Nie slegs verwys hulle na die geskrifte van die Bybel nie, maar hulle verwys ook na die twee maniere van goddelike leiding. "Onderhou my gebooie en luister na my profete" was die vereiste van God. En die heilige rekord dui aan dat indien hulle een van daardie goddelike middels verwerp het, God die ander ook sou verwyder, omdat hulle in werklikheid Sy leierskap verwerp het. Op baie geleenthede het die kinders van Israel weggedraai van die wet van God, slegs om uit te vind dat die profetiese stem ook stil geword het.

Jeremia het geskryf, "daar is geen onderwysing nie, en haar profete ontvang geen gesig van die Here nie." (Klaagliedere 2:9). Esegiël stel dit so: "en hulle sal 'n gesig verlang van die profeet, maar die wet sal verlore wees vir die priester en die raad vir die oudstes." (Esegiël 7:26). Die wyse man het dieselfde beginsel neergelê: "As daar geen openbaring is nie, word die volk bandeloos; maar hy wat die wet onderhou, gelukkig is hy." (Spreuke 29:18).

In tye van openlike ongehoorsaamheid aan Sy wet, het God die profete slegs gebruik om te vermaan en terug te roep, nie vir raad of leiding nie. Wanneer hulle van die wet afgewyk het, het hulle verstaan dat hulle ook die enigste ander manier waardeur hulle goddelike aanwysing kon ontvang, verbeur het.

In sy afvalligheid het Saul uitgeroep, "en God het van my gewyk en antwoord my nie langer deur die diens van die profete en ook nie deur drome nie" (1 Samuel 28:15).

Ons het 'n perfekte voorbeeld hiervan in Esegiël 20:3 toe die volk die Here se raad kom vra het. "Mensekind, spreek met die oudstes van Israel en sê vir hulle: So spreek die HERE HERE: Kom julle om My te raadpleeg? So waar as Ek leef, gewis, Ek laat my deur julle nie raadpleeg nie, spreek die HERE HERE." Waarom sou Hy hulle in hierdie geval nie antwoord nie? Verse 11-13 gee die antwoord: "En Ek het hulle my insettinge gegee en my verordeninge aan hulle bekend gemaak, wat die mens moet doen, dat hy daardeur kan lewe. Daarby het Ek ook my sabbatte aan hulle gegee om 'n teken te wees tussen My en hulle, dat hulle kan weet dat dit Ek, die HERE, is wat hulle heilig. Maar die huis van Israel was wederstrewig teen My in die woestyn; hulle het nie in my insettinge gewandel nie en my verordeninge verwerp, wat die mens moet doen, dat hy daardeur kan lewe; en my sabbatte het hulle baie ontheilig. Toe het Ek gesê dat Ek my grimmigheid oor hulle sal uitgiet in die woestyn om hulle te vernietig."

Sekerlik kan ons sien dat die rede waarom God geen goddelike aanwysing gegee het nie was omdat hulle Sy wet vergeet het en Sy Sabbat verbreek het. Dit was die oortreding van die vierde gebod wat veral die misnoë van God aangewakker het.

Nou is ons gereed om die vraag van profete in die Nuwe

Testament aan te durf, en waarom hulle na twee of drie eeue verdwyn het. Wat het met God se wet gebeur op dieselfde tyd toe die gawe van profesie uit die kerk verdwyn het? Die geskiedenis van daardie vroeë periode dui aan dat die Sabbat eenkant toe geskuif was in plek van die heidense dag van die son. 'n Skandalige kompromie met heidense sonaanbidders het gelei tot 'n openlike verwerping van die ware sewende-dag Sabbat. En toe dit gebeur het, het God presies gedoen wat Hy altyd vantevore gedoen het wanneer Sy volk van Sy heilige wet weggedraai het; Hy het die leiding van die gees van profesie onttrek. Profete het uit die kerk verdwyn.

Dit bring ons van aangesig tot aangesig met 'n opwindende en uitdagende vraag. Is daar rede om te glo dat toe die kerk die wet herstel het en begin het om die Sabbat weer te onderhou, dat God ook die gawe van profesie in die kerk sou herstel? Dit lei ons reguit terug na daardie dinamiese profesie van Openbaring 12 en God se beskrywing van die ware oorblyfsel. Nou, vir die eerste keer, kan ons die volle betekenis van daardie sewentiende versie sien: "En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou."

Sien u dit? Die wet, wat vir solank verwaarloos was, is terug waar dit behoort – in die kerk. En hand-aan-hand met die wet, is die getuienis van Jesus, wat die gees van profesie is. Dink daaroor! Die wet en die profete kom weer in die

laaste oorblywende stukkie van God se ware apostoliese kerk bymekaar! Al die gawes is weer aan die werk soos wat dit was in die dae voor die afvalligheid.

Onthou dat 'n oorblyfsel presies soos die oorspronklike moet wees, behalwe dat dit aan die einde is, en dat dit 'n klein stukkie is. Hierdie fantastiese profesie openbaar dat daar 'n eind-tyd herstel van die geloof van die apostels sal wees. Dieselfde Sabbat sal herstel word. Dieselfde gees van profesie sal openbaar word, en al die belangrike apostoliese leerstellings sal gestroop word van die uitwerking van 1,260 jare van pouslike verdraaiing.

'n Kerk wat die oorblyfsel genoem word moet iewers na 1798 op die toneel verskyn. Dit sal die fondament van baie geslagte herstel deur die Sabbat te onderhou, dieselfde een wat Jesus gedurende die skeppingsweek vir die mens gemaak het, en dieselfde Sabbat wat Hy onderhou het toe Hy op die aarde was. In daardie kerk sal die ware gawe van profesie openbaar word. Onder die uitstorting van buitengewone geestelike seëninge en krag sal daardie oorblyfselkerk die spesiale laaste waarskuwingsboodskap van Openbaring 14 aan al die lande in die wêreld uitdra. Soos wat ons alreeds ontdek het, sluit hierdie wonderlike evangelie van die drie engele die oordeel wat nou aan die gang is, die Sabbat, die val van Babilon en die dierboodskap in.

Hierdie kerk word weer eens deur Johannes in hierdie woorde geïdentifiseer: "Hier kom die lydsaamheid van die

heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar." (Openbaring 14:12). Moenie die feit miskyk dat hierdie gebooie-onderhoudende heiliges krag ontvang om dit te doen slegs deur om op Jesus te vertrou. Wanneer u hulle vind, sal hulle nie roem op hulle regverdigheid, of staat maak op hulle goeie werke om hulle te red nie. Meer as alle mense sal hulle 'n liefdevolle, persoonlike verhouding met die Verlosser hê wat hulle aanbid. Hulle gehoorsaamheid sal alleenlik gebaseer wees op die meriete van Christus se toegerekende en toebedeelde geregtigheid. Hulle sal die gebooie onderhou omdat hulle deur genade gered is en nie om enige guns van God te verkry nie.

Teen hierdie tyd is u heelwaarskynlik in 'n staat van opwindende nuuskierigheid om uit te vind of daar enige kerk bestaan wat aan die ongelooflike voorwaardes voldoen wat in die Bybel neergelê is. Baie maak daarop aanspraak om die ware kerk te wees, maar hulle aansprake is nie gebaseer op die vereistes van die Woord van God nie. Slegs daardie wat die vier spesifieke kentekens het wat in die boek van Openbaring uiteengesit word, kan vir oorweging in ag geneem word. Veronderstel nou net dat ons slegs een kerk in die wêreld vandag kan vind wat aan al hierdie bybelse toetse voldoen. Kan ons verwag dat dit 'n volmaakte kerk met perfekte lidmate daarin sal wees? Inteendeel, dit sou sekerlik bestaan uit gemiddelde mans en vrouens, onderworpe aan dieselfde swakhede as ander mense. Dit sou 'n betreklike klein kerk

moes wees om aan die vereiste van "oorblyfsel" te voldoen. Jesus het gesê dat die pad smal is en "daar is min wat dit vind." (Mattheus 7:14). Hy het weer gesê, "En soos dit gebeur het in die dae van Noag, so sal dit ook wees in die dae van die Seun van die mens" (Lukas 17:26). Niemand moet mislei word deur groot getalle, die meerderheid te vertrou nie. Die gereddes sal vergelyk word met die agt persone wat tydens die vloed in die ark ingeneem is. Die waarheid was nog nooit gewild nie, en dit sal nog meer so wees in die eind-tyd gekenmerk deur sensuele plesier en materialisme. Die oorblyfselkerk sal nie onder die groot, populêre kerke met hulle toegewende lewenstyl, gevind word nie. Jesus het gesê, "As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg." (Mattheus 16:24).

Paulus se raad was: "Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here" (2 Korinthiërs 6:17). Aan Titus het hy geskryf, "Want die reddende genade van God het aan alle mense verskyn en leer ons om die *goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede te verloën*, ingetoë en regverdig en vroom in die teenwoordige wêreld te lewe, … *'n volk as sy eiendom te reinig,* ywerig in goeie werke." (Titus 2:11-14).

Hierdie en baie verwante versies blyk dat dit aandui dat daar deur die wêreld op dieselfde manier gekyk sal word na die ware kerk van die laaste dae soos na Jesus en Sy volgelinge. Aangesien die oorblyfsel slegs 'n verlenging is van die groot oorspronklike, sal dit deur die meerderheid verag

word en gesien word as eienaardig, en uiteindelik, net soos die vroeë kerk, waardig om gedood te word. Die boek van Openbaring onthul 'n diaboliese plan van die eind-tyd "dier" mag om 'n merkteken te plaas op elke individu, en diegene wat nie daardie merk gaan ontvang nie, sal ter dood veroordeel word. Soos wat u op hierdie tydstip sal agterkom, sal diegene wat die merkteken van die dier weerstaan, diegene wees wat "die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar." (Openbaring 14:12). Met ander woorde, die oorblyfselkerk.

Dit moet weer eens beklemtoon word dat almal wat aan die oorblyfselkerk behoort, nie noodwendig gered sal word nie. Net soos alle ander kerke bestaan dit uit gewone mense wat 'n voortdurende verhouding met Jesus Christus moet beoefen. Dit is ongetwyfeld waar dat daar mense gered sal word en verlore sal gaan uit *alle* genootskappe en sektes. Elke persoon sal geoordeel word op die grondslag van waarheid aan hom geopenbaar, en hoe hy gehoorsaam was aan sy kennis. Lidmate van die oorblyfselkerk sal groter lig hê en sal dienooreenkomstig geoordeel word. Baie sal die toets nie slaag nie, omdat hulle op hulle kennis van die waarheid staatmaak, eerder as op die reddende meriete van Christus se regverdigheid. Dit is waarom dit ook moontlik is vir selfs baie in die "oorblyfsel" kerk om verlore te gaan. Andere wat nie soveel lig het nie, sal aanvaar word as hulle Jesus geken en volgens die lig wat aan hulle geopenbaar is, gewandel het.

Nadat ons egter daardie waarnemings gemaak het, moet

ons ook toegee dat God 'n spesiale kerk het met 'n spesiale boodskap wat as die "oorblyfsel" van die vrou aangedui word. Dit sal na aan die einde te voorskyn kom en dieselfde leerstellings onderhou as wat die apostoliese kerk onderhou het, die hele Tien Gebooie onderhou (insluitende die Sabbat), die gawe van profesie hê, en Openbaring 14 aan die hele wêreld verkondig.

## H O O F S T U K 9
## Voldoen Enige Kerk Aan die Vier Toetse?

**I**s daar tans so 'n kerk in die wêreld wat aan al die vereistes van hierdie Bybelstekse voldoen? God laat ons nie in die duister daaroor nie. Hy het die kentekens so presies en duidelik en eenvoudig in die Bybel gemaak dat almal kan weet waarna om te soek. Is dit moeilik om die vier groot onderskeidende tekens met die honderde verwarrende kerkname en liggame te vergelyk? Glad nie.

Hoeveel van daardie kerke het na 1798 verskyn? 'n Klein minderheid. En hoeveel van hierdie minderheid onderhou die hele Tien Gebooie, insluitende die Sabbat? Baie min. Hulle kan op die vingers van een hand getel word. Hoeveel van hierdie paar het ook die gees van profesie? En ten laaste, hoeveel verkondig die drie engele se boodskappe van Openbaring 14 in al die lande en tale van die aarde?

Die sifting en uitskakeling lei ons na slegs een kerk, glo dit of nie. Dit sou oneerlik gewees het om u op hierdie tydstip te laat wonder of God 'n onfunksionele kerk beskryf het wat nooit sou kon bestaan nie. Uit al die geestelike stelsels wat op hierdie tydstip bestaan, is daar slegs een wat ten volle voldoen aan die bybelse maatstaf van die oorblyfsel.

Dit moet ons gevolgtrekking wees, gebaseer op geskiedkundige feite en nie omdat ons enige besondere kerk wil afkraak nie. Die geïnspireerde verslag van Openbaring 12

bevat geen emosionele vooroordeel teenoor enige bestaande kerk nie. Die mees onbelangstellende persoon sal tot dieselfde gevolgtrekking moet kom nadat hy die volle, profetiese prentjie ondersoek het. Dit laat geen plek vir roem of trots nie. Die geheim was nie deur 'n mens openbaar nie, maar deur die Woord van God.

Terwyl ons die naam van die kerk gee, moet dit met 'n mate van huiwering wees. Daar sal altyd 'n paar wees wat gereed is om ons te beskuldig van sekte-ywer ten spyte van die onbetwisbare bewyse voor ons. Andere sal persoonlike vooroordeel toelaat om hulle van hierdie wonderlike waarheid te beroof.

Die enigste kerk wat aan die profetiese beskrywing van die ware oorblyfsel voldoen, is die Sewendedag-Adventistekerk. Toe hierdie genootskap in ongeveer 1844 verskyn het, het dit die volgens profesie begin om die waarheid wat gedurende die Donkereeue verlore geraak en onderbreek was, te herstel. Een na die ander van die oorspronklike leerstellings van Christus en die aardse kerk was tot hulle vorige glorie en prag herstel. Soos wat die gesag van die wet en die Sabbat heringestel is, het God presies gedoen wat Hy beloof het om te doen: Hy het die inspirerende gees van profesie aan die oorblyfselkerk gegee. Daardie gawe was geopenbaar deur die lewe en leringe van mev. Ellen G. White. Hierdie jong vrou, wat slegs 'n eenvoudige skoolopleiding ontvang het, het spesiale openbarings ontvang wat oor 'n

periode van meer as ses dekades gestrek het.  Uit haar geïnspireerde pen het meer as sewentig boeke verskyn, baie waarvan deur die hoogste sekulêre kritici beskou was as ongeëwenaard in formaat en inhoud.

Alhoewel die gees van profesie op 'n kragtige manier gedien het om stukrag aan die nuwe beweging te gee, het dit bely om slegs 'n "kleiner lig" te wees vir die oppermagtige gesag van die Heilige Skrifte.  In harmonie met die Bybelse reël om "die geeste te beproef", moes elke openbaring deur die Woord van God getoets word.  "Tot die wet en tot die getuienis!  As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle *'n volk* wat geen dageraad het nie."  (Jesaja 8:20).  Indien haar geskrifte nie in elke aspek met die Bybel saamgestem het nie, sou dit as vals verwerp word, maar hulle het in volmaakte ooreenstemming met die Skrif gepraat.  Hulle was op geen manier as deel van die heilige Bybelboeke beskou nie. Alhoewel dit deur dieselfde Gees geïnspireer was, het dit niks van die Heilige Geskrifte weggeneem of daarby gevoeg nie, maar soos 'n vergrootglas het dit die prag en waarheid van die Woord uitgelig.

Miskien is die grootste wonder van alles hoe die opkomende oorblyfselkerk gebou was op dieselfde leerstellings van Openbaring 14 – die wat deur Jesus en Johannes as die finale boodskap gespesifiseer was – wat die hart van sy leringe was.  Daar is nog 'n ander wonderwerk!  Hoe kon daardie jong kerk, met slegs 'n paar honderd lidmate in

1860, met sy onpopulêre boodskap uitreik en elke land in die wêreld evangeliseer? Nogtans is dit presies wat gebeur het! Die werk van Sewendedag-Adventiste is gevestig in lande wat byna 100 persent van die wêreldbevolking verteenwoordig. En elkeen van hierdie unieke leerstellings van Openbaring 14, insluitende die oordeel, die Sabbat, en die boodskap van die dier, word aan al daardie nasies verkondig.

Daar is 'n paar kerke wat kwalifiseer op die eerste identifiserende punt, en daar is 'n paar wat ook aan die tweede voldoen maar, dit is 'n uitgemaakte saak dat slegs een kerk perfek aan al vier punte voldoen. Met 'n eenvoud en logika wat 'n inslag vind op menslike redelikheid, het God Sy belofte vervul om ons in die hele waarheid te lei. Die volgende stap hang van ons af. Wat sal ons doen in verband met die oortuigende gevolgtrekkings waartoe ons gelei is?

Niemand kan dit vermy om 'n besluit te maak oor hierdie soort waarheid nie. Ons kan besluit om dit te aanvaar, of te verwerp. Ons kan kies om gehoorsaam of ongehoorsaam te wees. Een ding is egter seker – u kan nooit weer dieselfde wees nie, ongeag watter besluit u ookal maak. Oortuiging het 'n manier om by ons te bly, selfs wanneer ons dit probeer ignoreer of verwerp. U kan nooit die dinge vergeet wat u oor die ware kerk geleer het nie. U is nou in besit van die mees gesogte geheim in die hele Bybel.

Ek wil by u aandring om nie 'n besluit te maak om dit te aanvaar slegs omdat dit u intellektueel oortuig het nie.

Niemand behoort by die kerk, wat die liggaam van Christus is, aan te sluit, tensy hulle geestelik betrokke is in 'n verhouding met Jesus nie.

Agter die fantastiese profesie van die ware oorblyfsel, wil ek graag hê dat u die Lam van God moet sien wat in u plek op die kruis gesterf het. Hy hang daar as gevolg van ons sonde – omdat iemand Hom nie lief genoeg gehad het om Hom te gehoorsaam nie. "As julle my liefhet, bewaar my gebooie." (Johannes 14:15).

Ons kan Hom nie gehoorsaam voordat ons met 'n gebroke hart oor ons sonde neergekniel het en Hom as Here en Verlosser aanvaar het nie. Liefde vir Hom voorsien beide die motief en die krag om Sy Woord te vervul. Indien u Hom nog nie aanvaar het nie, maak dit u eerste besluit. Volg Hom dan met die krag van daardie nuwe liefdesverhouding tot diens as 'n lid van die ware oorblyfselkerk.